DIE VOORTREKKERS TRANSVAAL

VENTERSKROON GEBIEDSKAMP

Tema: Ons Koning kom!

Beste Penkop en Drawwertjie,

Ons vier vanjaar 40 jaar van seën op Venterskroon!!!!!

Is jy gereed vir die Venterskroon-AKSIE?! Kom leer hier in die natuur meer oor kameraadskap, leierskap en volharding en nog vele heerlike verrassings en pret tydens ons feesjaar!!!

Kampdatum: 28 September 2018– 02 Oktober 2018
Registrasie: Vrydag 28 September 16:00 – 18:00
Afsluiting: Dinsdag 02 Oktober om 12:00

Sluitingsdatum vir inskrywings by kommando: _____

Plek: Venterskroon Jeugkampterrein van die Ned. Hervormde Kerk tussen Parys en Potchefstroom (S26º53.016' EO27º16.120')

Kentekens:

Graad 1:	Junior Kok (12)	Waar jy leer kos maak en dit mooi moet opdien en bedien.
Graad 2:	Veldkook (12)	Wat maak 'n Trekker in die veld as jy honger raak?
	Dierewaarneming (12)	Kom leer meer van diere en hulle gewoontes.
Graad 3:	Toeka (maks.20)	Handwerk en speel – deel in ons heerlike tradisies.
	Spoorkennis (maks.20)	Waar ons leer om meer oplettend te wees in die veld.
Graad 4:	Gasheer/Gasvrou (maks.20)	Hier wag hope pret en plesier. Hoekom klink dit soos partytjie?
	Plantekennis (maks.20)	Leer om plante op interessante maniere te onderskei en uit te ken.
	Vasbyt (maks.30)	Vir die jong Springbokke.
Graad 5:	Touwerk (maks.30)	Hier gaan ons jou 'n knoop of twee leer en nog veel meer!
	Boeresport (maks.30)	Klink na vet pret!
	Weerkennis (maks.20)	Gly met die reënboog tot by Venterskroon.
Graad 6:	Spoorsny (maks.40)	Nie net dierespore nie, maar ook die sterre.
	Kommunikasie (maks.30)	Kom beleef die polsslag van die kamp.
Graad 7:	Avontuurkamp (maks.30)	Vir elkeen wat bereid is om met bietjie inspanning uit te hou tot by die GROOT LEKKERKRY van HEERLIKE AVONTURE.

LET WEL: Minimum aantal kinders per kursusgroep = 8. Die Kampraad behou die reg voor om lede by ander kursusse in te deel indien daar te veel of te min kinders vir bepaalde kursusse is.

Kampbenodigdhede

'n Lys algemene kampbenodigdhede is by hierdie brief aangeheg. Jy sal ook 'n lys kursusbenodigdhede op Die Transvaalse Voortrekkers se webblad kry teen die begin van September.

Inskrywingsvorms:

Gee volledig voltooide inskrywingsvorm en betaling in by jou offisier of Adjunk-Kommandoleier Administrasie. Onthou dat slegs geregistreerde Voortrekkers op die kamp toegelaat word.

Kampgelde:

Penkoppe & Drawwertjies (uitgesonder Avontuur): R760-00
Penkoppe & Drawwertjies (Avontuur): R800-00

Slaapplek:

Graad 1 en 2 Slaap in slaaplokale met beddens en matrasse.
Graad 3 tot 6 Elke span bring sy eie tent en slaan dit self op. Spoorsny kamp in tente apart van die res van die kamp en kan dus nie tente deel met ander kursusgroepe nie.
Graad 7 Slaap in die veld onder skuilings – sien saambringlysie later.

DIE VOORTREKKERS TRANSVAAL

VENTERSKROON GEBIEDSKAMP

Tema: Ons Koning kom!

Vervoer: Kampeerders/Kommando's is verantwoordelik vir eie vervoer na en van die kamp.

Kansellasies: Indien jy na 19 September 2018 kanselleer, verbeur jy jou volle kampgeld.

Fotos

Ons beskou u kind se inskrywing as toestemming om fotos – waarop u kind mag verskyn – op die Venterskroon-Face Book blad te plaas.

Snoepie

Daar sal geen snoepie kiosk op die kamp beskikbaar wees nie.

Daar word daagliks 3 gebalanseerde maaltye sowel as vrugte, koue koekdrank/sap en ander snoepie eetgoed tussen-in voorsien. Snoepiegeld is dus ingesluit by kampgeld.

Ek wil graag 'n beroep doen op elke ouer om asseblief ekstra aankope van eetgoed vir u kinders **tot 'n minimum te beperk**. Die ekstra suiker en kleurstowwe het 'n uiters negatiewe invloed op kinders se gedrag.

T-hemde : Koste is ingesluit by kampgeld

Kinder grootte	**5-6 jaar**	**7-8 jaar**	**9-10 jaar**
	11-12 jaar	**13-14 jaar**	
Volwasse grootte	**S**	**M**	**L**
	XL	**XXL**	**3XL**

Navrae

Navrae kan gerig word aan:

Kampleier: Annemie Hall, 082 494 8305
E-pos: hall.annemie@gmail.com

Adjunk-Kampleier: Admin: Louis Keyser, 083 308 1757
E-pos: venterskroon@gmail.com

Adjunk-Kampleier: Admin / Logistiek: Stian Van der Merwe, 083 805 1063

Venterskroongroete
Tannie Annemie